SURVIVORKAMP 17 - 21 Junie 2019 (BADSELOOP)

Kamp vir alle Graad agts en Neges

INSKRYWINGS EN ADMIN NAVRAE:
Anita Hurn (015) 491 3537
Faks 086 547 2382 / (015) 491 3537
E-pos: admin@ngpottiessuid.org.za

KAMPLEIER:
Ds André Botha
079 516 7641
Epos: dsanbotha@gmail.com

Liewe Jongmens

Kom deel in die AVONTUUR ERVARING, waar jy deur dinge wat jy ervaar en doen, meer van jouself en jou talente leer.

Die Ned. Geref Kerk bied hierdie avontuur ervaring vir ALLE graad agts en neges van ALLE kerke.

Inskrywings sluit 7 Junie 2019

WAAR WORD DIE KAMP GEHOU? By Badseloop, ongeveer 13km suid van Naboomspruit

WANNEER? Vanaf Maandag 17 Junie vanaf 11:00 tot Vrydag 21 Junie om 09:30

HOE KOM JY DAAR?

Eie vervoer of alternatiewe vervoer soos gereel deur jou leraar. (Skakel gerus jou leraar of kerkkantoor in die verband.)
Indien jy van eie vervoer gebruik maak, moet jy asb **NIE VOOR** 11:00 by die kamp opdaag nie.

Alternatiewe vervoer / busgelde word addisioneel betaal bo en behalwe normale kampgelde. Doen gerus navraag in die verband.

VERVOER TERUG:

Jou ouers OF Alternatiewe vervoer / Busvervoer soos gereël kan jou weer vanaf 09:30 by die kamp oplaai.

WIE GAAN DIE LEIDING NEEM?

Bekende leraars van die Ned. Geref. Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as Geestelike leiers. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir jou onvergeetlik te maak. Kampleier : Ds André Botha 079 516 7641

WAT GAAN ONS DAAR DOEN?

Jy gaan wonderlike dinge leer van jouself, van jou maats en jy gaan nie een lesing hê nie! Jy gaan avontuurlike dinge in die natuur doen en sommer baie pret hê … en nog ander verrassende dinge doen.

WAT KOS DIT?

R750-00 per persoon (As jy in die NG Kerk is, doen gerus by jou kerkraad navraag oor subsidie.)
Alternatiewe vervoer / Busgeld sal deur jou leraar bevestig word.

NOODGEVALLE

Indien u kind enige aandag t.o.v. allergie, siektetoestand, behandeling moet kry, moet u asseblief 'n nota saam met u kind stuur. Die kampleier se noodnommer is: **Ds André Botha 079 516 7641**. Onthou egter dat die opvangs op sommige plekke baie swak is. Laat gerus 'n boodskap sodat ons kan terug skakel.

WAT MOET JY SAAMBRING?

- Jou Bybel
- Slaapsak of beddegoed – daar is gemaklike beddens (bring genoeg – dit word nogal baie koud)
- Eetgerei – bord, koppie, lepel, ens.
- Gemaklike klere – onthou iets warm vir die aande. Gemaklike tekkies en 'n hoed vir die son
- Swemklere vir die warmbron + sonbrandroom
- **Ou klere wat mag verniel + 'n dik baadjie vir pyn(t)bôl**
- Sakgeld – ons het 'n snoepie
- 'n Sitkussing
- Jou eie tandeborsel EN toiletware
- ***NB:'n Sakkie beskuit om in te handig by die kombuis***

KAMPGELD R750 Maandag 17 Junie vanaf 11:00 tot Vrydag 21 Junie om 09:30 by BADSELOOP (+- 13 km buite Naboomspruit -Mookgopong)

Graad 8's en 9's

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Van: _____ **Noemnaam:** _____

Huisadres: _____

Posadres: _____

Skool : _____ **Graad** _____

Tel. (h): _____ **Sel nr van jongmens :** _____

Geslag: M / V **Geboortedatum:** _____ / _____ / _____

Kerkverband: _____ **(NG, Herv ens.)** **Leraar:** _____

Gemeente: _____**(Hulp en Hoop Gemeenskapskerk, Potgietersrus-Oos)**

HOE KOM JY DAAR? (Merk asb duidelik)

☐ **Eie vervoer** ☐ **Alternatiewe vervoer** (Bv Bus vanaf Rustenburg) _____ Verantwoordelike persoon se naam en kontak no.

☐ **Ons kan help met vervoer. Ons het plek vir** _____ **(getal jongmense)** _____ Verantwoordelike persoon se naam en kontak no.

BETALING OPSIES:

(Merk asb duidelik wat van toepassing is tjeks aan **Ringsjeugkommissie**)

☐ Ingesluit my kampgeld van R _____ (Onthou Busgeld word addisioneel betaal bo en behalwe jou kampgelde)

☐ Subsidie van R_____ word deur _____betaal, soos gereel met _____

☐ Direkte inbetaling is gemaak in die volgende rekening:

Ringsjeugkommissie,
Absa Bank, Tak nr 334348,
Rekening nr 121 0143 978

As ons nie 'n definitiewe reëling t.o.v. kansellasie, ten minste 'n week voor die kamp begin van jou kry nie, sal geen kampgelde aan jou terugbetaal word nie.

VRYWARINGSVORM EN TOESTEMMINGSBRIEF :

Ek/Ons, die ouers/voog van _____gee hiermee toestemming dat my kind die Survivorkamp van 17 - 21 Junie 2019 te Badseloop, totaal op eie risiko mag bywoon. Ek gee ook toestemming dat my kind met bus / alternatiewe vervoer soos gereël deur die RJK mag ry na die betrokke kamp en ons vrywaar die Ringsjeugkommissie of kamppersoneel van enige aanspreeklikheid ten opsigte van beserings of ongelukke wat my kind mag opdoen, en enige gevolge wat daaruit mag voortspruit.
Ek gee ook toestemming dat foto's waarop bogenoemde tiener verskyn gebruik kan word vir kamp- / kerkdoeleindes.

Sover ek weet verkeer my kind in 'n goeie gesondheistoestand. Ek versoek die verantwoordelike persone egter om te let op:

_____

(noem enigiets waaraan u kind ly of aktiwiteite waaraan hy/sy nie mag deelneem nie)

Geteken te _____ op _____/_____2019

_____

HANDTEKENING VAN OUER / VOOG

BESONDERHEDE VAN OUER / VOOG:

Die volgende word in geval van mediese of hospitaalbehandeling benodig.

NAAM EN VAN; VAN OUER _____

ADRES (Indien verskil van kind) _____

TELEFOONNR (W) _____ (SEL) _____

BEROEP _____

MEDIESE FONDS _____ LID NR _____

NAAM, ADRES & KONTAK NR VAN FAMILIELID / VRIEND

_____

Geteken te _____ **op** _____ **dag van** _____**2019.**

Ouer / Voog: _____ **(handtekening)**

MAAK ASB SEKER DAT ONS JOU VORM EN KAMPGELDE HET VOOR DIE KAMP BEGIN.
ALTERNATIEWE REëELINGS MOET MET DIE KAMPLEIER GETREF WORD!